HOPKINS COETZEE associates

YOUR HR BUSINESS PARTNER



## Johan Hopkins

HC Stigter / Eienaar / Menslike Hulpbron Spesialis

Johan het na hy sy graad in sosiale wetenskappe aan die US behaal het, onder andere as gemeenskapswerker in Stellenbosch se landbougemeenskap gewerk, was personeelbestuurder by primêre boerderye en daarna Groepsbestuurder Menslike Hulpbronne by Unifruco (deesdae Capespan).

In 2001 stig hy sy eie maatskappy waar hy steeds die Besturende Direkteur is.

In sy loopbaan het hy onder ander spesiale vermelding ontvang van die Kaapse Pomologiese Vereniging vir sy bydrae tot hulle mannekrag program, as genoot benoem deur die Instituut vir Personeelbestuur waar hy op die Uitvoerende Komitee gedien het, was stigterslid van die Kaapse Agri Werkgewers Organisasie (waar hy ook vir 5 jaar die Uitvoerende Beampte was) en het gedien op verskeie komitees, waaronder die AHI se Menslike Hulpbron-komitee en Agri SA se Mannekrag-komitee.

Hy het dan ook verskeie oorsese studiereise onderneem.

Hy is steeds by verskeie bedryfsliggame en organisasies betrokke as konsultant en bedien steeds die landbou in die breë, waar sy passie lê.